

Inhoud Hierdie preek wys dat Christus ons seker laat leef van die onsigbare, die evangelie. Omdat ons uit hierdie sekerheid van God se liefde in Christus leef, kan ons in al die onsekerhede van al die sigbare dinge in die wêreld steeds volhard in ons taak teenoor God. God sal alles wat Hy onderneem hoe om God vir ons te wees, ons in begelei en in en met ons voltooi. Wie Christus verdraai om die Here te wees van hulle eie planne, doelstellings en doelwitte in sigbare dinge, sal vir die lewe waarvoor God hulle bestem het, moeg word en uitsak.

Skriflesing Hebreërs 11: 1 – 10. 23 – 27, 12: 1 – 3.

Teks Hebreërs 1: 1 b en 2. “Laat ons die wedloop wat vir ons voorlê met volharding hardloop, die oog gerig op Jesus die Leidsman en voleinder van die geloof.

Tema Christus laat ons uit God se beloftes leef

1. Met die begin van 'n nuwe jaar wat net soos die vorige jaar deur hierdie virus ontwig word, kan ons selfondersoek doen met hierdie vraag: “Leef ons uit die sekerheid van wat ons voorsien of leef ons uit die sekerheid van God se beloftes?”

Dit is presies die teenstelling wat Hebreërs uitwys tussen gelowiges en ongelowiges: gelowiges leef in die geborgenheid, die sekerheid van wat hulle nie kan sien nie en ongelowiges uit wat hulle sien. Wat jy nie kan sien nie, kan jy ook nie voorsien nie. Daarom is die besondere van ons geloof dat ons geborge en verseker is in wat ons nie kan sien of voorsien nie.

Ongelowiges kan net sekerheid kry uit die sigbare materiële wêreld, die persone, instellings, geld, voorspoed en geleenthede wat voorhande is. Dit maak dat hulle met hulle eie planne, missies en visies kan voorsien hoe dit met hulle sal gaan.

Die krisis egter wat hierdie virus nou bewerk is dat mense nie sekerheid kan kry oor die sigbare dinge wat nou voor ons afspeel nie en daarom kan hulle ook niks meer voorsien met planne, visies en missies nie.

Hierdie is uitsigloosheid maak baie mense nou moeg raak en laat uitsak. Omdat hulle niks meer regtig kan voorsien nie, kan hulle nie meer besig wees met vooruitbeplanning en doelwitte nie. Hieronder verloor hulle nou ook vir die lewe, werk en samesyn hul motivering. Dit wat Hebreërs onder andere na verwys as “moeg word en uitsak.”

2. Wat is hierdie onsigbare dinge waaroor Christene seker is en laat volhard met hul lewe?

Christus laat ons uit God se beloftes leef

Hierdie onsigbare dinge is nie net vir die mense oë onsigbaar nie, maar ook vir sy verstand, sy gevoel en sy gees. Om planne, missies en visies vir jouself en jou lewe te hê, is volgens Hebreërs “sigbare dinge.” Dit is alles wat ons met ons gedagtes kan voorsien. Om drome op te bou en gesigte te sien van jou eie gevoelens is ook “sigbare dinge.” Dit is sigbaar volgens jou gevoelens. Net so is om beelde van god te maak en jouself in hierdie godsbeelde in te leef, ook “sigbare dinge.” Dit is geestelike beelde wat mens sien in hulle eie geestelikheid.

Wat is dan die “onsigbare dinge” waarvan Christene seker is? Dinge wat hulle nie met hul verstand, gevoelens of gees kan voorsien nie?

Vers 3 wys dit mooi: “Deur geloof verstaan ons dat die wêreld deur die Woord van God geskep is, met die gevolg dat wat gesien kan word, ontstaan het uit dit wat nie gesien kan word nie.” Ons kan nie God en sy Woord sien nie. Dit is die onsigbare dinge, God en sy Woord. Deur God en sy Woord is ons seker dat Hy alles wat ons sien, uit niks gemaak het. Deur God en sy Woord verstaan ons wat ons glad nie met ons verstand, ons gevoelens of ons gees kan sien of voorsien nie.

3. Ons mag nooit ons eie planne, missies en visies volgens ons eie verstand, gevoelens en gees, die onsigbare dinge maak wat ons van seker kan wees nie. Dit is alles deel van die sigbare, dit wat ons self sien en voorsien, wat ons geen sekerheid kan gee nie.

Om vir jouself te kan sien wat jy wil bereik en wil wees, is die dinge wat mense graag wil glo. Bedoelende jy moet net seker wees van wat jy wil bereik en wees, en dan moet jy net aanhou glo daarin.

Nie een van die persone in Hebreërs 11 het dit wat vandag as missies en visies beskryf word, dit is doelstelling en doelwitte, gehad nie.

Noag het nie ’n doelstelling met doelwitte gehad nie. Hy het nie ’n droom uit gevoelens gesien nie en ook nie die toekoms in sy gees gesien nie. Noag het van God ’n opdrag gekry om die ark te bou wat totaal buite sy eie doelstelling en doelwitte was. Hy moes die opdrag uitvoer van God se Woord.

Abraham het nog minder volgens doelstellings en doelwitte sy eie land verlaat en na ’n onbekende land, gemeenskap en toekoms toe getrek. Hy het nie ’n visioen of droom gehad nie. Hy het ’n opdrag volgens die Woord van God gehad.

Moses se lewe het ook nie volgens sy doelstellings en doelwitte verloop nie. God het sy hele lewe beskik en aan Moses sy roeping en take as opdragte van die Here gegee.

Christus laat ons uit God se beloftes leef

4. Gelowiges is daarom nie mense wat glo in wat hulle beplan en doen nie! Dit moet ons doen omdat dit net gewoon menslik is en ons ons menslike lewe so leef. Maar ons glo nie in wat ons doen en beplan nie.

Om te glo in wat jy beplan, doen en as doelstellings vir die lewe het, is nie die hoop en sekerhede waarin ons glo nie. Dit is alles 'n lewe van sien en voorsien van die sigbare dinge!

Noag het nie aanhou beplan en doen in wat hy gesien het nie. Hy het 'n opdrag van God volgens sy Woord aanhou uitvoer, oor wat hy glad nie gedien het nie. Net so het Abraham nie getrek oor hy geglo het in sy planne op te trek en met sy planne aangehou het nie. In baie onsekerheid oor alles wat hy nie kon sien of voorsien nie, het hy die onsienlike vertrou, God en sy Woord, en gedoen wat God en sy Woord vir hom gesê. Moses het nie in homself as leier en sy eie leierskap geglo nie. Daarom moes Aaron hom bystaan. Wat hom seker gemaak het van wat hy moes doen was wat God vir hom gesê het as opdrag.

Geloof is nooit om van jouself, jou eie planne, doelwitte en optredes seker te wees nie. Hierdie is alles sigbare dinge waaroor ons kan en mag twyfel en wonder met onsekerheid of sekerhede wat ons vir onself regverdig.

Ons glo – die onsigbare!

5. Die onsigbare wie ons glo, is Christus!

Dit is die geloofsontdekking wat elke persoon in Hebreërs 11 gemaak het: Christus is die Begin en Voleinder van die geloof. Die uitdrukking “die geloof” in hierdie sin beteken dit wat geglo word, die inhoud van die geloof wat geglo word.

Hebreërs beskryf hierdie inhoud van die geloof van hoofstuk 1 tot 10 as Christus wat die Dawidsbelofte en die Abrahamsbelofte vervul deur sy lyding en sy verheerliking aan die regterhand van die Vader. In 12 vers 2 vat Hebreërs hierdie inhoud weer saam as Christus wat gekruisig is en sy plek aan die regterhand van die troon van God ingeneem het.

Die onsigbare dinge is die evangelie. In die eerste vier hoofstukke beskryf Hebreërs hoe Jesus die Dawidsbelofte vervul sodat Hy die nuwe priester-koning is wat Homself as offer gegee het om vir ons 'n barmhartige en getroue hoëpriester te kan wees. (2:17,18) Van hoofstuk 6 tot 10 verkondig Hebreërs dat Jesus al die Abrahamsbelofte vir ons waar maak in ons lewens (8: 8 – 12) sodat ons vir God se liefde vervolmaak is. (10: 14)

Christus laat ons uit God se beloftes leef

Van al hierdie onsigbare dinge van die evangelie, is Jesus die Leidsman en Voleinder. Weer word met “geloof” nie bedoel om te glo nie, maar om alles te bewerk van die begin tot die einde wat ons as evangelie kan glo.

Christus begin met ons as ons Leidsman. Hy neem die Leiding om ons in alles wat Hy as barmhartige Hoëpriester is te laat deel. Hy lei ons deur ons deel te maak van die vergifnis van sonde en ’n nuwe lewe van liefde waarin ek nooit God enige offer vir enige sonde skuld nie. ’n Lewe waarin ek God kan lief sonder skuld vir die sondes wat ek doen. (10: 18 Waar daar vergifnis hiervoor is, word ’n offer nie meer gebring nie.)

Christus lei ons om deel van sy beloftes te wees oor hoe Hy God vir ons is te wees, Hy laat sy beloftes die waarheid van ons lewe wees en Hy hou aan om ons altyd te laat deel in sy beloftes. Hy hou nooit daarmee op totdat dit met sy wederkoms voltooi is nie.

7. Niks wat God vir en met ons doen, kan só werk nie: “Jy moet die beloftes waarmee God begin, in jou lewe voltooi.”

Hierdie dwaling beteken dan dat God begin met beloftes dat Hy vir jou God sal wees, maar op die ou einde moet jy sorg dat jy deel bly van hierdie beloftes. Hy begin net maar jy moet met jou gehoorsaamheid en liefde sorg dat sy beloftes voltooi word.

Dit is mos maar net ’n ander manier om te sê God begin met leë beloftes wat jy in jou lewe self moet waarmaak en vervul. Dit is teen alles wat hier oor Jesus as Leidsman en Voleinder van die geloof verklaar word. God laat Abel se offers vir Hom heilig wees, God maak sy offers vir Hom heilig, deurdat hy op die Here as Leidsman en Voleinder vertrou. God laat Henog se lewe ’n lewe wees wat Hom as God behaag as Leidsman en Voleinder van sy geloof.

Dit is hoe Christus as Here met ons besig is. Hy is Leidsman en Voleinder. Hy begin met ons as sy kinders, bly besig met ons as sy kinders en voltooi alles waarvoor Hy ons as sy kinders bestem het.

Ons mag nooit die wyse waarop God met ons as sy kinders besig is probeer vergeestelik asof dit net sou gaan oor sogenaamde “geestelike dinge” soos vergifnis en liefde wat nie deel is van ons gewone elke daagse lewe nie. Dan sit ons met hierdie dwaling dat die Here die Leidsman en Voleinder van alle geestelike dinge in ons lewe is, maar oor daaglikse voorsiening moet ons self sien en voorsien, moet ons self begin en klaar maak.

Christus laat ons uit God se beloftes leef

8. Wat was geestelik aan die ark wat Noag gebou het vir die verwagte oorstroming van die Tigris en Eufraat riviere? Dit was 'n daaglikse bedryf met al die eise van skeepsbou tussen mense wat hom spot vir wat hy doen.

Wat was so geestelik aan Abraham wat uit 'n gevestigde bestaan weg getrek het om vir die res van sy lewe lewe as 'n donkie-nomade van een vreemde plek na die ander te trek, aangewese op die gunste en verdraagsaamheid van vreemde gemeenskappe? Dit was sy hele daaglikse bestaan gewees.

Wat was so geestelik aan Moses se verset teen sy Egiptiese toekoms as seun van die dogter van die Farao om die leier te wees van slawe en om hulle uit slawerny 'n selfgeorganiseerde gemeenskap met 'n eie toekoms te laat word?

Dit was die werklikheid van sy aardse menslike lewe met God binne in hierdie skepping gewees. Dit was nie 'n geestelike belewenis wat nie deel van die kerk en wêreld geskiedenis is nie.

God het hulle gelei in sy versorging, sy bewaring, sy raadsplan vir wat Hy met hulle wil bereik en hulle elke dag in sy diens laat leef. God het so met hulle aangehou totdat God alles wat Hy vir hulle bestem het hoe hulle sy kinders sal wees self voltooi het met hulle.

Christus is die Leidsman en Voleinder van ons belofde lewe as mense met God in sy skepping! Hy begin met ons en hou aan om God te wees tot Hy alles met en vir ons voltooi. God begin met my en alles wat Hy vir my bestem, Hy hou aan met my en voltooi alles wat ek as sy kind vir Hom moet wees.

9. Dit is die onsienlike waarvan ons deur ons geloof in Jesus Christus altyd seker is! Ons is altyd vol hoop en altyd verseker van hierdie onsienlike – Christus het met ons begin, lei ons en sal alles wat ons vir Hom moet wees voltooi.

Christus laat ons op hierdie wyse altyd seker wees van 'n onsienlike toekoms, 'n toekoms wat ek self nie kan sien en voorsien nie, en 'n toekoms wat ek nie weet hoe dit gaan wees nie.

Ons sekerheid oor ons toekoms is die sekerheid van die onsienlike – die Here wat met ons besig is en nooit met ons sal ophou voor ons alles is waarvoor Hy ons in sy liefde bestem het nie.

Ons mag nooit van Jesus die Leidsman en Voleinder van die sienlike dinge maak nie!

Dit is hoe Jesus as afgod gepreek word vir mense wat hul toekoms self wil sien en voorsien. Hierdie bygeloof klink dan só: Jy moet net aanhou met jou eie planne, jou

Christus laat ons uit God se beloftes leef

doelstellings en doelwitte vir jou lewe en nooit moed opgee nie. Jy moet altyd jou oog op Jesus hou want Jesus sal jou die krag gee om aan te hou met jou planne, jou missies en jou visies. Elke keer as jy moedeloos word en voel jy wil uitsak met jou doelstelling en doelwitte, moet jy net na Jesus opkyk en dan sal hy jou weer die krag en motivering gee om te volhard met jou missies en visies.

Hy sal jou sekerheid gee van die dinge wat jy sien en voorsien!

10. Hierdie virus waarmee die Here Jesus besig is, is besig om hierdie afgodsdienste in mense te vernietig en hulle so te laat moeg word en uitsak.

Wat maak hierdie virus met alles wat mense sien en vir hulself voorsien? Totaal onseker! Niks kan beplan word nie, doelstellings kan net nie gemaak nie, wat nog van volvoer word, en elke doelwit wat elke dag opgestel word, is binne oomblikke net vernietig. Vir hierdie sienbare werklikheid is Jesus glad nie 'n Leidsman en Voleinder van geloof nie. Mense wat probeer om Jesus voor te hou as die Een wat hulle krag en leiding gaan gee dat hulle met hul eie beplannings, doelstellings en doelwitte kan aanhou, word moeg en sak uit!

Jesus is nie iemand wat jou jou planne, doelwitte en doelstellings laat bereik omdat jy glo Hy gaan jou dit laat bereik nie. Jy kan nie in Jesus glo om jou sekerheid te gee oor wat jy vir jouself sien en voorsien nie. Hy is nie die Leidsman en voleinder van wat jy vir jouself sien en voorsien nie.

Omdat hierdie virus maak dat planne nie meer uitwerk nie, doelstellings nie gestel en doelwitte nie bereik kan word nie, word mense nou moeg en begin hulle uitsak uit die lewe wat hulle vir God moet leef. Hulle het hul krag en motivering om aan te hou en te volhard gevind in die sekerheid van die sienlike dinge! Dit wat ons sien en voorsien, beplan en doen wat Jesus voor die waarborg moes gewees het.

11. Daarom met ons as die Here se kinders die sekerheid vind vir wie ons is en wat met ons gaan gebeur in die onsienlike, nie in die sienlike dinge wat ons voorsien nie.

Wie ons is, wat met ons gaan gebeur en wat ons moet doen, is seker in die onsienlike, in Jesus Christus ons Here!

- Deur ons vertrouwe in Hom as die onsienlike Here is ons seker dat Hy ons vir sy liefde heilig laat wees, ten spyte van ons onheilighede.
- Deur ons vertrouwe in Hom weet ons dat Hy die offer vir ons sonde was sodat ons vir altyd vir Hom skuldloos is in ons diens en toewyding aan Hom.
- Deur ons vertrouwe in Hom is ons seker dat Hy ons tot sy diens roep soos Hy elke gelowige in Hebreërs 11 tot sy diens geroep het.
- Deur ons vertrouwe in Hom weet ons verseker dat ons lewe en werk vir Hom 'n opdrag is wat ons moet gehoorsaam.

Christus laat ons uit God se beloftes leef

- Deur ons vertroue in Hom is ons seker dat Hy ons in sy liefde, sy roeping en sy diens sal lei en alles wat Hy vir ons bestem met ons sal voltooi.

Dit is mos wie ons is en gaan wees terwyl ons in 'n nuwe wêreld gaan leef waarin alle sienlike sekerhede deur hierdie virus verniel, ontwig en vernietig word op so 'n wyse dat ons geen vaste planne doelstelling en doelwitte kan maak nie. Net omdat alles wat ons vandag voorsien more nie daar is nie.

12. Watter nuwe lewenswyse skep die sekerheid wat ons oor die onsigbare dinge van die Here het, vir hierdie nuwe wêreld waarin die meeste sigbare dinge onseker geword het?

Dit skep in ons die krag om die wedloop wat ons nou moet hardloop in hierdie nuwe onsekere wêreld met volharding te kan hardloop. Eerstens omdat ons die las van ons afgegooi het dat ons sekerheid oor sienlike dinge moet hê. Dit is die unieke wat met ons as gelowiges gebeur. Die sekerheid oor wie die Here vir en met ons is, maak dat ons die sekerheid oor sienlike dinge as 'n las van ons afgooi.

Omdat ons nie in ons planne, doelstellings en doelwitte sekerhede oor die lewe soek nie, kan ons elke dag ons eie planne van vooraf verander, aanpas of gewoon net skrap wanneer die werklikheid van God se wêreld om ons verander het. Net so is ons nooit opgeneem in ons eie doelstellings en doelwitte dat as ons dit nie bereik nie, ons in onself misluk nie. Ons kan net so maklik elke dag vir ons self nuwe doelstellings en doelwitte stel om weer by ons roeping en diens soos God dit beskik, aan te pas.

Omdat ons seker is van die onsigbare liefde van God vir ons, kan ons met 'n lewe vir God aanhou, terwyl ons eie planne, doelstellings en doelwitte hoe ons hierdie lewe vir Hom moet leef, elke dag die hele tyd moet aanpas by hoe God ons lewe stuur van begin tot einde.

Ons kan nooit vasval in die afgodsdienste dat ons eie planne, doelstellings en doelwitte moet aanhou, omdat ons glo dat God ons die krag gee om daarmee aan te hou nie. Die Here is die Leidsman en Voleinder van sy beloftes hoe Hy ons sy kinders laat wees, nie die Leidsman, en voleinder van ons planne en doelwitte nie.

13. Ons kan hierdie nuwe wedloop om ons roeping in 'n nuwe veranderde wêreld met volharding hardloop, ook omdat ons uit die sekerheid van God se onsigbare liefde, van die las van ons sondes ontslae geraak het.

Die Here het al ons sondeskuld en straf vir altyd weggeneem deur die een offer van Jesus Christus. (10: 12, 15) Hebreërs beskryf sonde as dit wat ons so maklik aankleef. Dit beteken dit wat ons so maklik nog steeds geldig laat wees en in ons gewete nog steeds ons laat aankla, beskuldig en waarmee ons self veroordeel.

Christus laat ons uit God se beloftes leef

Hierdie las van sonde wat ons sou aankleef kan en moet ons net van onself en uit ons eie gewete uitskud.

God laat ons nie in 'n onsekere wêreld die wedloop hardloop om in sy liefde ons roeping teenoor Hom uit te leef, vir Hom te leef en te werk, omdat Hy ons nog behandel volgens sondes wat ons aankleef nie. Hierdie las moet ons afskud met die sekerheid van die onsienlike – sy offer het vir vir altyd vir God se liefde geheilig. Daarom is geen onsekerheid waarin die Here ons lei oor al die sienlike dinge waarmee ons besig is, ooit deel van een of ander sondestraf nie. Onsekerhede is net die wêreld waarin ons die wedloop hardloop om ook soos al die ander gelowiges voor ons, ons opdrag om vir God te leef en te werk, gehoorsaam uit te voer.

Wie dink u gaan die hul lewe as wedloop vir God volhardend hardloop in hierdie nuwe onsekere en veranderende wêreld en wie gaan moeg word en uitsak? Die wat sekerheid het oor die sienlike dinge of die wat sekerheid het oor die onsienlike dinge?

Ons wat deur ons geloof in Jesus Christus seker is van die onsigbare dinge van sy liefde en ons heiligheid in sy diens, leef ons lewe as opdrag van God, en maak en skrap elke dag en oomblik, nuwe planne, nuwe doelstellings en doelwitte soos die Here as Leidsman en Voleinder ons lewe stuur. Hiermee kan ons aanhou.

Wie in die sigbare dinge van die lewe sekerheid soek om met hul eie planne, visies en missies aan te hou en te glo God sal hulle die krag gee om met hul eie planne aan te gaan – sal nou moeg word en uitsak op die lewe. Want deur hierdie virus het die Here die meeste sekerhede van die sigbare dinge ontwig en verniel.

Kom ons glo Christus as die onsigbare en leef versekerd volhardend ons lewe met God in 'n wêreld waarin niks werklik seker is nie en vir ons dit nie hoef te wees nie. In hierdie wedloop kan ons nie moeg word en uitsak met Hom as ons Leidsman en Voleinder nie!